Nuusbrief 207

2 Desember 2016

Beste Lede

SAWPA wens al ons lede en hulle geliefdes 'n vreugdevolle en rustige feestyd toe.

Neem asseblief kennis dat die SAWPA-kantoor van 15 Desember 2016 tot 3 Januarie 2017 gesluit sal wees.

BELANGRIK – NRVS-HEFFINGSKONSULTASIEVERGADERING – TERUGVOER

Die NRVS het heffingskonsultasievergaderings in Pretoria, Durban, Port Elizabeth en Kaapstad gehou met die doel om die 2017-verhogings voor te stel en te bespreek. SAWPA het die eerste vergadering op 11 November 2016 by die NRVS se kantore in Groenkloof, Pretoria bygewoon. Om die beoogde verhogings te ondersteun het die NRVS inligting rakende hulle jaarlikse finansiële syfers vir die afgelope jare asook die begroting vir die huidige 2016/17 finansiële jaar bekendgestel. Die voorgestelde verhoging vir 2017, wat gunstig ontvang is deur die belanghebbendes teenwoordig, is 6% en is gebaseer op die VPI-syfers vir September 2016. Indien die Minister van Handel en Nywerheid dit goedkeur sal dit beteken dat die huidige tipe 5-heffing van R1.12/m^3 behandelde hout effektief vanaf 30 September 2016 (sien nuusbrief Nr. 206 van 18 Oktober 2016) met 6% teen die laaste kwartaal van 2017 sal verhoog.

Geleentheid is ook gegee vir die industriebelanghebbendes en die NRVS om enige sake rakende verklarings en betaling van heffings te bespreek. Enige operasionele aangeleenthede moet direk met die operasionele afdelings op 'n latere stadium opgeneem word. Die NRVS-bestuur het egter erken dat daar verskeie operasionele en sisteemprobleme is, maar het die vergadering verseker dat hulle daadwerklik aan oplossings werk.

Die NRVS het gemeld dat swak heffingsopgawes op vorige jare en die huidige jaar se syfers opgeteken is, en het 'n sterk waarskuwing gerig aan alle maatskappye wat nie hulle volumes verklaar en heffings betaal het nie, of wat onderverklaar en betaal het. Volgens die NRVS sal daar binnekort 'n sisteem in werking gestel word waardeur alle heffingsverklarings en betalings ondersoek en geoudit word. Enige maatskappy wat nie voldoen nie se NRVS-goedkeuringsbrief sal gekanselleer word. Die NRVS nooi alle maatskappye uit om van die huidige amnestietydperk gebruik te maak en te verseker dat alle agterstallige verklarings ingedien en heffings betaal word.

> 1 Januarie 2015 is die ooreengekome datum waarop heffings in geval van die houtverduursamingsbedryf betaal moet word, wat beteken dat alle aanlegte wat op daardie tydstip operasioneel was verklarings moes indien en heffings betaal het vir die tydperke 15A, 15B en 16A (pro rata vir aanlegte wat na die datum operasioneel geword het). Die NRVS het SAWPA voorsien van die generiese verklaringsvorms vir die tydperke. Lede wat nie die vorms van die NRVS ontvang het nie kan ons webtuiste besoek of vir SAWPA kontak vir afskrifte van die vorms. Dit is belangrik om kennis te neem dat indien die generiese vorms gebruik word, die aanlegbesonderhede en spesifieke JDE-of HEF-nommer toegewys aan die aanleg deur die NRVS ingevul moet word. Indien die unieke nommer nie beskikbaar of bekend is nie moet Magda Spies van die NRVS by magda.spies@nrcs.org.za (012 482 8890) gekontak word.

Die volgende aangeleenthede is ten tye van die vergadering onder die NRVS se aandag gebring en hulle het onderneem om dit te ondersoek:

1. Verskeie SAWPA-lede ontvang nie die verklaringsvorms nie en daarom is verklarings en betalings tot op datum nie gemaak nie. Die NRVS se verweer is dat die probleem veroorsaak word deur e-pos- en posadresse wat op die aanvanklike aansoekvorms aangedui is, maar wat nie meer geldig is nie. Die NRVS het ook vir SAWPA versoek om hulle by te staan en te help met die bywerk van die SAWPA-lede se besonderhede.
2. In gevalle waar verklaringsvorms wel ontvang is maak die vorms nie voorsiening vir die tipe 5-heffingstarief wat op die bedryf van toepassing is nie. Die NRVS het onderneem om in die toekoms te verseker dat die tipe 5-tarief op die vorms sal wees, en ook om generiese vorms aan SAWPA beskikbaar te maak vir verspreiding aan die lede wat nie die vorms ontvang het nie.
3. Die huidige jaarlikse verhogingsdatum word jaarliks op verskillende datums aangekondig wat verwarrend is. Die effektiewe datums waarop die heffings verhoog word moet gestandaardiseer word sodat die datum waarop die heffings effektief word op ’n spesifieke vaste jaarlikse datum begin en vir ’n volle 12 maande geld, bv. 1 Januarie tot 31 Desember van ’n gegewe jaar, of alternatiewelik vanaf 1 Julie van ’n gegewe jaar tot en met 30 Junie van die daaropvolgende jaar. Dit sal verseker dat die verhogings met die sesmaandelikse betalingstermyne saamval. Die NRVS het ook onderneem om die versoek te oorweeg.

WISCHUAL-TOEP VIR BOU EN KONSTRUKSIE

Wischual het onlangs ’n interonderneming- mobiele toepassing vir die Bou- en Konstruksie-industrie bekendgestel. Dit is ’n eerste vir Suid-Afrika en laat kopers en verskaffers toe om by mekaar aansluiting te vind deur inligting oor maatskappye se produkte en dienste te verskaf. SAWPA gebruik die toep om lede se produkte en dienste op die toep aan professionele ingenieurs, beplanners/bourekenaars en tegnoloë voor te stel sodat hulle ingeligte besluite oor behandelde hout kan maak.

Om die toepassing gratis af te laai, besoek die App Store of die Google Play Store en soek vir "Wischual" of "Buildconstruct". SAWPA is onder "Construction Services" en "Associations" gelys.

Sien die Wischual-banier hieronder indien u maatskappy belangstel om ook deel te wees en op die toep gelys te word.

SAWPA-PROMOSIES IN 2016

Ons is dankbaar en bevoorreg om ’n gesonde bemarkingsbegroting te hê wat ons toegelaat het om by verskeie promosieprojekte in 2016 betrokke te raak. ’n Opsomming van die projekte kan in die aangehegte tabel gesien word.

NUUSBROKKIES

SAWPA het ’n besending van veiligheidsetiketrolle ontvang en lede word aangespoor om van die etikette gebruik te maak. Bestellings kan geplaas word by Sue deur haar te kontak by sawpa@global.co.za.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za E-pos: sawpa@global.co.za

	Print Media — Adverts, Editorials, Brochures, Website listings and Exhibitions
January	- SA Building Review Vol. 4 2016: Advert and editorial - Landbou Weekblad – Classified advert
February	- Timber iQ: Advert - Buildaid's Building & Pricing Guide: Advert and three-page editorial - Wood SA & Timber Times: Advert - South Magazine: Advert
March	- To Build Magazine: Advert - Digest of SA Architecture 2016: Advert - Sponsorship of ITC Awards
April	- Wood SA Trade Buyers Guide - Green Home: Advert - Timber iQ: Advert - Earthworks Magazine: Advert - Farmers Review: Advert
May	- Radius magazine: Advert - Earthworks Magazine: Advert - Agri24 Website: Multiple category listings and banner advert - Promotional gifts purchased (key holders and styluses)
June	- WoodEX for Africa Exhibition: Exhibitors stand - Forestry Directory 2016: Advert - Timber iQ: Advert - South Magazine : Advert - Specifile Website: Listed on website (included SAWPA brochures) - SA Home Guide: Banner on website - Farmers Weekly Website: Banner advert and listed on "Industry Organisations" "Agricultural Equipment" - Promotional gifts purchased (card holders with post-its)
July	- Homemakers Exhibition Port Elizabeth: Exhibitors stand - Bespoke Magazine: Advert - Export Directory African Markets: Advert and editorial - Wood SA & Timber Times: Advert - To Build Magazine: Advert and editorial
August	- Cape Construction Expo: Exhibitors stand - Interbuild / WoodWorld Expo: Exhibitors stand - Timber iQ + editorial - ProLandscaper magazine: Advert and editorial - Free app on "Wischual"
September	- Wood SA & Timber Times - Safety labels for members reprinted
October	- Green home magazine: Advert - Green Building Handbook: Advert - SAWPA calendar printed and posted - Wood SA desk pad: Advert - Wood SA desk calendar: Advert - ProLandscaper magazine: Advert - Leading Architecture magazine: Advert - Timber IQ Website: Advert - Construction World magazine: Advert - Free banner on African Construction & Totally Concrete Expo website
November	- Timber IQ Website: Rotating web banner - To Build: Advert - Architecture SA: Advert - www.forestry.co.za: Renewed listing - www.timber.co.za: Renewed listing - Wood SA: Advert
December	- Timber iQ: Year planner advert - Timber iQ: Advert